# AFRIKA SAALPERD FUTURITY

## NOMINASIE VAN HINGS

Die onderstaande Hings,

_______________________________________________

(hierna genoem die Hings)

Word hiermee genomineer vir die Afrika Saalperd Futurity (ASF), op die volgende terme en voorwaardes.

1. 'n Nominasiefooi van R1000 is betaalbaar aan die ASF gelyktydig met die indiening van hierdie nominasie.
2. Ek aanvaar die reëls en regulasies van die ASF, soos van tyd tot tyd bekend gemaak, en bevestig dat ek op datum van ondertekening hiervan, my van sodanige reëls vergewis het.
3. Die nominasie van die Hings beteken dat die ASF een dekking van hierdie Hings, wat ek hiermee skenk, kan verkoop , op welke wyse daar van tyd tot tyd op besluit word, met die opbrengs daarvan wat sal gaan aan die ASF.
4. Die vul wat uit die dekking in (3) hierbo genoem, gebore word, sal outomaties ingeskryf wees in die jaarlikse Speenoud Futurity , die eerste wat in Middelburg 2011 gehou sal word, asook enige toekomstige Vertoningsklas Futurity wat deur die ASF gereël mag word.
5. Ek sal die reg hê om EEN verdere vul van die Hings teen 'n fooi van 'n verdere R1000, in die Speenoud Futurity van Middelburg 2011 in te skryf. Die naam van die merrie wat vir hierdie inskrywing gedek is/sal word, moet deur my aan die ASF verskaf word voor einde Februarie 2010, tesame met die betaling van die R1000. Indien ek nie van hierdie reg gebruik wil maak nie, mag ek dit verkoop, welke volle opbrengs aan die ASF betaalbaar sal wees.
6. Alle handelinge om die dekking wat ek skenk, en deur die ASF verkoop word, in die praktyk te bewerkstellig, is die verantwoordelikheid van die Koper en die Eienaar van die Hings, en die ASF dra na die verkoop geen verdere sodanige verantwoordelikheid.
7. Indien die ASF nie daarin slaag om 'n dekking van die Hings te verkoop nie, sal ek weens my nominasie outomaties kwalifiseer vir een (1) inskrywing in die ASF van Maart 2011. Alle ander reëls en voorwaardes bly steeds van krag.
8. Ek onderneem om herhaalde dekkings aan die Koper te verskaf indien die merrie nie die eerste keer dragtig is nie, tot einde Januarie, of tot die merrie dragtig is, welke datum/gebeurtenis ook al eerste kom.

Geteken te _______________________________ op _______________________________________

_____________________________

**Geregistreerde eienaar van Hings**

**Africa Saddle Horse Futurity Trust Trustees: Ross Millin (Voorsitter) George Borcherds, Francois Dercksen**

**IT No. /2009**